


# Sinsbou



Die onbepaalde voornaamwoord vorm op sy eie 'n sinsdeel, of dit verbind met ander woorde om 'n sinsdeel te vorm. Hierdie sinsdeel het verskillende funksies binne die sin.

- ***Iemand** het sowaar 'n hele bladsy gaan bou.* (VivA-KPO) [Onderwerp/subjek]

- *Hy wou **niemand** seergemaak het nie.* (VivA-KPO) [Direkte voorwerp/obek]

- *Hy moet **almal** net so 'n kans gee om 'n ingeligte keuse te maak.* (VivA-KPO) [Indirekte voorwerp/objek]

- *Taal is vry en behoort aan **niemand** nie.* [Die onbepaalde voornaamwoord "niemand" vorm die komplement van die voorsetsel "aan". (Onthou dat 'n voorsetsel altyd 'n sinsdeel daarna benodig.) Hierdie groter sinsdeel, "aan niemand", heg met die oorganklike hoofwerkwoord "behoort" sonder dat die voorsetsel met 'n ander een vervang kan word. Die sinsdeel "aan niemand" is daarom 'n tipe voorwerp/objek wat ons 'n "voorsetselvoorwerp" of "voorsetselobjek" noem.]

- *Daar is **iets** wat gebeur.* (VivA-KPO) [Die onbepaalde voornaamwoord en die bysin daarna (d.w.s. "iets wat gebeur") word deur die koppelwerkwoord "is" benodig om die sin volledig te maak. Die sinsdeel "iets wat gebeur" is daarom 'n kopulakomplement.]

ViVA